Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Maart 2020

Gereformeerd-wees vandag

Die skepping word verniel!

www.gksa.org.za

Inhoud

Maart 2020

JAARGANG 121, NO. 3343 - Maart 2020

1 VAN DIE REDAKTEUR
Watter God word aan jou verkondig?

4 UIT DIE WOORD
Bedienaars van God se deernis

6 REDAKSIONEEL
Gereformeerd-wees vandag

8 BRANDPUNT
Die "State of the Nation" 2020

FOKUS
10 Die geskiedenis van die TSP (11)
12 Saterdag: In die hemel – of in die hel?
15 Die skepping word verniel!
16 Die hand van ons Vader
18 Wat is 'n lewende verhouding met God?
20 Moses, 'n mens soos jy en ek
22 Ons en ons kinders in tye van konflik

24 BESINNING
Sien is glo?

26 GK Randburg: Hoe help ons die kerk groei? (2)

28 Lief en Leed
29 Kerklike administrasie
30 Kleinadvertensies

REDAKSIEKOMMISSIE
REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

Adresbesonderhede:
- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2019 – 30 Junie 2020):
Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R301
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R434
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R407
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R126

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462

Die Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.
– Hebreërs 4:12

EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Ds. J Botha (Johan) (emeritus)

Bedienaars van God se deernis

Lees: Matteus 9:35 – 10:15
Teks: Matteus 9:35, 36; 10:5, 12, 13

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) is van die weiniges wat (nog) gesteld is op gereelde *huisbesoek* deur ouderlinge, diakens en predikante. Wyksverslae tydens ouderlinge- en diakenvergaderings, sowel as onderlinge toesig kragtens Artikel 81 Kerkorde, kontroleer elke drie maande hierdie huisbesoeke. Predikante se huisbesoekrooster word op gemeentes se kalenders aangedui.

Maar waarom al hierdie moeite? Meeste ander kerke het lankal opgehou om gereeld gesinshuisbesoek te doen.

Agtergrond
In die gelese gedeelte stel Jesus Christus sy volk Israel voor die beslissing: vir of teen Hom. Op dié stadium van sy bediening begin dit blyk dat sy geliefde volk van Hom begin wegdraai – ten spyte van sy wonderwoorde en –werke. Die skare by Hom reageer nie op sy verkondiging dat sy koninkryk tot bý hulle gekom het nie, ook nie meer op sy wonderdade wat sy woorde bevestig nie ... Sou Hy dus die verlore skape van Israel goedsmoeds prysgee? Nooit!

*"Toe Hy die menigtes **sien**, het Hy hulle **innig jammer** gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie"* (Matt. 9:36).

Twee woorde hier gee vir ons 'n idee van sy deernis:

Sien – om iemand in nood raak te sien, is die basis van medemenslikheid. Sien jy die persoon egter nie as *méns* nie, begin jy haar/hom alte maklik kategoriseer: as deel van 'n sekere groep, nasie, ras, beroep of status. Algaande is daar nie meer plek vir medemenslikheid, liefde en barmhartigheid nie.

Ons Here Jesus sien mense egter *altyd raak* as *persone* met hulle eie nood, vrese, swakhede, siekte, gebreke. Byvoorbeeld:

- *Natanael* onder die vyeboom – Johannes 1:48
- *Nikodemus* se nagtelike besoek aan Jesus – Johannes 3:1-21
- Die *Samaritaanse vrou* by die put – Johannes 4:1-26

Innig jammer kry – die woord in Grieks vir "innig jammer" in die Bybel word slegs in verband met Jesus gebruik. Dit is juis hierdie innige jammerte wat Hom wonders laat doen! Ons kry hierdie woord in drie van sy gelykenisse:

- die onbarmhartige amptenaar – Matteus 18:23-25
- die barmhartige Samaritaan – Lukas 10:30-37
- die verlore seun – Lukas 15:11-32

Dié woord dui op die *menslike ingewande as sentrum van hartstog*. Die "ingewande van God" kom as't ware in beroering wanneer Hy mense se leed en ellende sien. Jesus Christus se menswording, sterwe en opstanding uit die dood is die sigbare bewys hiervan. In Hóm tree God die

wêreld tegemoet. In Hóm doen God huisbesoek by sy mense!

Sy dissipels (volgelinge) ingeskakel
En dan: in sy beweging na die wêreld toe, skakel Hy sy 12 apostels in – en daarna sy kerk in alle nasies. Hy roep en rus hulle (ons) toe en stuur hulle (ons) uit na mense se huise om dieselfde te doen wat Hy gedoen het! Hy verwag van hulle (ons) dieselfde deernis teenoor mense as wat Hy vir hulle voel – daardie innige jammerte uit die ingewande uit (Matt. 10:1-10).

Vandag wys Jesus sy deernis vir mense deur middel van (onder andere) huisbesoek by lidmate deur sy diakens, ouderlinge en predikante. *Huisbesoek* met Skriflesing, gebed en geloofsgesprek dra Jesus se deernis in jou huis in! Hoor u wykslidmate u oor die koninkryk (dit is: koningskap) van God praat? Jesus *verwág* dit van u, geliefde diaken/ouderling/predikant/wyksuster!

Jesus verwag die gemeente se goeie gesindheid!
Hoe ontvang u as lidmaat u diaken, ouderling, predikant? Ek is bevrees dit is dikwels eerder so-iets in praktyk: hulle sukkel om met u 'n afspraak te kry, volstaan later maar met 'n blote telefoongesprek. Maak u dit dalk onbewustelik (doelbewus?) vir hom/haar moeilik?

En wanneer u diaken, ouderling of predikant dan wél kom huisbesoek doen, voel u en hy/sy dikwels ongemaklik? Daarom hou u die gesprek aan die gang oor allerlei en nog wat? En wonder/vrees heeltyd wanneer hy/sy oor "die kerk/u bydrae" gaan begin praat. Of u laat hom/haar heimlik-geamuseerd begaan en bedink intussen alles wat u vanaand nog moet doen. Of u probeer hom/haar help deur die gesprek in die rigting van "die kerk" te stuur – dan vertrek hy/sy dalk ook sommer gouer …

Ons Here Jesus verwag 'n goeie gesindheid van sy lidmate teenoor sy huisbesoeker! Hy sê hier die huisbesoeker moet die huismense vrede toewens – en as húlle gesindheid goed is, dié wens handhaaf. As dit egter nié goed is nie, moet hy die vredeswens terugtrek. Trouens, Jesus verbind u goeie gesindheid aan sy eindoordeel (Matt. 10:12-14)!

Slot
Hoewel die GKSA dus tereg 'n hoë premie plaas op gereelde huisbesoek by alle lidmate, laat dit tog steeds veel te wense oor in sommige gemeentes – sowel wat toerusting van diensdoeners betref as lidmate se goeie gesindheid.

Al skryf die moderne leefstyl, ons behoefte aan privaatheid, die veiligheidsituasie in ons land ook wát voor, ons Here Jesus sien met deernis ons diepste nood raak: dat ons van Hom (mag) vervreem en geestelik veragter. Dáárom wíl Hy by ons aan huis kom deur middel van sy gestuurde diakens, predikante en ouderlinge. DK

Gereformeerd-wees vandag

In aansluiting by die redaksionele artikel in die Februarie-uitgawe besin ons in hierdie artikel oor wat dit beteken om in 2020 Gereformeerd te wees. Is die handhawing van ons Gereformeerde identiteit nog belangrik en relevant?

Situasie-analise

Die wêreld en die tyd waarin ons leef, vertoon onder andere die volgende kenmerke:

- Die mens het op tegnologiese en wetenskaplike gebied ontsaglike hoogtes bereik, en die ontwikkeling versnel steeds.
- Die wêreld het klein geword as gevolg van dinge soos satellietverbindings, e-pos, internet. Daar word gepraat van die "global village" wat meebring dat jy jou nie meer van tendense, strominge, ontwikkelinge kan isoleer nie. Ons is blootgestel aan al hierdie dinge.
- Wat Suid-Afrika betref, is een van die belangrikste tendense die groot aantal mense wat emigreer, met die effek wat dit het op familiebande, kerklike betrokkenheid, ensovoorts.
- Die tydsgees wat ons tans beleef, staan bekend as die Postmodernisme (sommiges meen ons is ook reeds daarby verby), en die belangrikste eienskappe daarvan is die relativering van alles en die groot klem wat op die ervaring geplaas word. Daar is dus geen absolute waarheid nie.
- In Suid-Afrika staan dinge soos menseregte, nasiebou en regstellende aksie baie hoog op die agenda, met daarmee gepaardgaande die ideologie van godsdiensgelykheid, regte van vroue, regte van misdadigers, regte van homoseksuele, ensovoorts.
- Die mens van ons tyd is aan die een kant 'n optimistiese mens, en aan die ander kant 'n ontnugterde, losgeslane mens omdat hy tot nog toe nie 'n antwoord gevind het op die probleme waarmee die wêreld worstel nie.
- Samevattend kan ons sê: Ons beleef 'n tyd van groot paradigmaverskuiwings.

Midde-in hierdie wêreld met sy spesifieke tydsgees bestaan die kerk en kan die kerk homself nie isoleer nie. Juis in 'n tyd van groot verskuiwings soos ons tans beleef, word daar ook geruk aan die vastighede en sekerhede wat vroeër nooit bevraagteken is nie. Ons beleef dit dan ook dat die kerk in vele opsigte in die branding staan. Die kerk word nie gespaar deur die sekulêre wêreld nie, maar dikwels meedoënloos gekritiseer, byvoorbeeld in die openbare pers en ander media.

Daar is ook in kerklike geledere self die kritici wat die kerk nie spaar nie, maar op 'n dikwels ongevoelige en eensydige wyse die kerk beoordeel en veroordeel. Daar is wel ook eerlike, indringende selfondersoek deur diegene wat uit liefde vir die kerk worstel om kerk te bly.

Wat die GKSA betref, beleef ons al die dinge wat hierbo genoem is in 'n mindere of meerdere mate. Die GKSA het in die laaste tyd al hoe meer sy homogene karakter verloor, en daar word al gepraat van strominge wat teenoor mekaar staan. In die lig van ingrypende besluite wat ander kerkgemeenskappe neem oor sake soos die rol van die vrou, die kerklied, kindernagmaal, homoseksualisme, die maatskaplike en politieke verantwoordelikheid van die kerk, word die aandrang steeds sterker op die GKSA om sy besluite in hersiening te neem.

Gereformeerd-wees vandag

Wat kan/moet ek van 'n Gereformeerde kerk verwag? – In die beantwoording van hierdie vraag, luister ons nie in die eerste plek na die strominge van ons tyd en die sekulêre wêreld nie. Ons vra nie wat wil die mens nie, maar wat moet die kerk wees om te beantwoord aan sy doel. Anders gestel: Wat is ononderhandelbaar, onveranderlik? Wat sê die Bybel? En dan moet ons van die kerk die volgende verwag:

- Die kerk moet die gesag van die Bybel as onfeilbare

Woord van God onverswak handhaaf, ten spyte van standpunte wat al hoe meer gestel word dat die Bybel die mens se ervaring van God is, of die mens se antwoord op die openbaring. Wie hierdie sekerheid loslaat, hou niks oor nie.

- Die kerk moet erns maak met die merktekens van die ware kerk, naamlik die suiwere bediening van die Woord, die suiwere bediening van die sakramente, en die toepassing van die kerklike tug.
- Wat die suiwere bediening van die Woord betref, moet van die dominee verwag word om die grootste erns met sy preke te maak. Die lidmate moet deur die prediking gevoed, toegerus, opgebou word.
- Dit beteken dat ook die leerstellige prediking tot sy reg moet kom (vgl. Art. 68 Kerkorde). Die kerk moet 'n pilaar en grondslag van die waarheid wees (1 Tim. 3:15). Alleen wanneer die kerk met hierdie aspek van sy roeping erns maak, sal die lidmate toegerus wees om die geeste te onderskei, die dwalinge raak te sien, geanker te wees in die stormwinde van die tyd. Daar is geen plaasvervanger vir suiwer prediking nie.
- Dit beteken dat die GKSA nooit sy belydeniskarakter, sy gebondenheid aan die "gesonde leer" mag prysgee nie, maar die grootste erns sal maak met die skat van ons belydenis.
- Sonder die kerklike tug kan daar nie sprake wees van die suiwer prediking en suiwer bediening van die sakramente nie. Die kerklike tug moet toegepas word soos die Here dit bedoel het toe Hy die sleutels van die Koninkryk aan die kerk toevertrou het (Matt. 16), naamlik tot die eer van God, uit liefde vir die sondaar en ter wille van die behoud van die kerk. Die kerk moet dus heilige erns maak met die sonde. Die mens se grootste nood is sy sonde, en sy grootste behoefte is die evangelie van verlossing. Die gees van verdraagsaamheid wat tans oor die wêreld spoel en ook kerklike besluite tot gevolg het oor sake soos homoseksualisme, is die dood in die pot vir die kerk. Jy doen 'n mens die grootste onreg aan as jy hom nie wys op sy sonde en hom nie begelei op die pad van berou en bekering nie.
- Die ampte moet funksioneer, en daar moet groot erns gemaak word met die toerusting van ampsdraers.
- Die merktekens van die kerk kom tot openbaring in die samekoms van die gemeente. In die erediens sien jy die kerk. Ons moet dus erns maak met die pragtige Skriftuurlike besluite wat ons kerke saam oor die liturgie geneem het.
- Die GKSA moet sy gemeentelike karakter behou. Die Skrif is hieroor baie duidelik in die beelde van die liggaam (1 Kor. 12) en die beeld van die kudde.
- Daar moet die grootste erns gemaak word met die "pastorale versorging" van die kudde van die Here. Die gemeente is die "huisgesin van God" (1 Tim. 3:15). Dit is elke lidmaat se reg om liefdevolle, indringende huisbesoek te ontvang van die dominee, die ouderling en die diaken. Die mens van ons tyd met al sy kennis, geleerdheid, tegnologiese ontwikkeling (die rekenaar- en televisiemens) het juis meer as ooit behoefte aan warmte, liefde, kommunikasie, meelewing.

Wat kan die kerk van my verwag?

Die Bybel gee nie net duidelike merktekens waaraan die kerk gemeet moet word nie, maar ook merktekens waaraan die ware lidmaat geken kan word. Ons bely in Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus dat ons lewende lidmate van die kerk is en dit ewig sal bly. Uitgedruk in die beeld van die liggaam beteken dit dat elke lid, ook die mees-misdeelde lid, sy/haar plek sal volstaan en sal lewe. 'n Siekte soos kanker wat uiteindelik die hele liggaam kan verwoes, begin by een enkele selletjie wat nie reg funksioneer nie.

Hierbo is telkens verwys na 1 Timoteus 3:15 waar Paulus die kerk tipeer as "huisgesin van God, gemeente van die lewende God, en pilaar en grondslag van die waarheid". Voordat Paulus dit sê, verwys hy eers na elke afsonderlike groep in die gemeente, sodat elkeen sal weet wat van hom/haar verwag word en kan weet hoe hy/sy hom/haar moet gedra.

Die kerk kan van ons verwag om haar as geestelike moeder lief te hê en nie met klippe te gooi, derms uit te ryg en liefdeloos te kritiseer nie.

Slotopmerkings

Ons het in die GKSA deur die genade van die Here alles wat ons nodig het om kerk te wees en ook die uitdagings en bedreigings van ons tyd tegemoet te gaan. Maar ons het op 'n stadium waardering verloor vir dit wat ons het. Ons moet dit weer opnuut na waarde skat, dit poleer en vertroetel en ontgin. Dan is ons kerk, getrou aan die opdrag van ons Koning: "Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom" (Op. 2:25). CFCC

In: Die Messias het gekom! T van der Walt. PTP, 2007

Saterdag: In die hemel – of in die hel?

Dit word baie keer gesê dat ons Here Jesus die Ou-Testamentiese Sabbat vervul het toe Hy ná sy kruisiging die Saterdag in die graf gerus het.

Dit is egter slegs ten dele waar. Hoekom? In die eerste plek is Sabbatsrus nie bloot om niks te doen nie (amper so in die trant van: hoe dooier – selfs hoe dooieriger, hoe beter!). En veral: dit was slegs die liggaam van ons Here Jesus wat in die graf gerus het; Hy self was in die hemel.

En neergedaal het na die hel …

Maar was Hy nie – ten minste een of ander tyd – in die hel nie? Die Apostoliese Geloofsbelydenis noem die pylers van sy lewe agter mekaar: sy maagdelike ontvangenis en geboorte, sy lyde, kruisdood en begrafnis (alles duidelik in kronologiese volgorde).

As dan daarop volg "en neergedaal het na die hel" – direk voor die belydenis van sy opstanding – kan mens dit baie moeilik anders lees as iets wat tussen sy begrafnis en opstanding moes gebeur het.

Dis dan ook hoe miljoene Christene dit verstaan, veral in die Rooms-Katolieke en Lutherse Kerke, sy dit dan tog met 'n beduidende verskil:

- Volgens Rome het Christus na die doderyk afgedaal om die demone hulle buit te ontroof en die siele van die vromes van die Ou Testament, wat in die "skoot van Abraham" was en die saligheid verwag het, te gaan bevry. Hy sit dus as't ware sy reddingsdaad aan die kruis voort; dis nie aan die kruis klaar afgehandel nie. En dit vat nogal tyd: Hy was in die hel solank as wat sy liggaam in die graf was.

- Volgens die Lutherane weer het Christus na die hel neergedaal om die ryk en die mag van Satan te verbreek. Hy het in die hel vir die duiwels van sy oorwinning gaan getuig. In 'n preek stel Luther dit nogal dramaties: Christus het met sy kruis triomfantlik aan die poorte van die hel geklop, en die duiwels het gesidder.

Drie kruiswoorde

Drie kruiswoorde van Christus maak dit egter baie duidelik dat Hy nie ná sy dood eers nog na die hel toe neergedaal het nie.

Eerstens: Hy sê vir 'n misdadiger aan 'n kruis net langs syne: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees" (Luk. 23:43). Vir die Jode was die paradys nie net iets kort na die skepping en voor die sondeval nie (Gen. 2), maar ook die plek waar die verlostes ná hulle dood en tot en met die voleinding vertoef. Hoe is dit moontlik dat Jesus sou sê "Met jou gaan Ek na die plek van saligheid toe" – en dan beland hulle al die tyd in die hel?

Tweedens: As sy lyding aan die kruis byna verby is, sê Christus: "Dit is volbring!" Dit beteken nie bloot dat sy lyde nou klaar is nie, maar veral dat die doel daarvan bereik is.

Die woord in die oorspronklike taal vir "volbring" is op rekenings geskryf as hulle vereffen is. Christus sê dus hiermee: Die rekening is betaal, die straf is gedra, die saak is afgehandel. Waarom sou Jesus nou nog hel

toe moet gaan – die hel was reeds in al sy verskriklike afgryslikheid by Hom!?

En in die *derde* plek: Sy laaste woorde aan die kruis sê Jesus hard en duidelik: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor" (Luk. 23:46). Kan jy jou dit voorstel dat Hy so 'n drastiese fout sou maak? Hy gee sy gees oor in die hande van sy Vader, maar dan beland Hy al die tyd in die hande van die duiwel?

En dus …

Daarom verstaan meeste Calvinistiese kerke hierdie uitdrukking so dat dit nie iets is wat eers ná sy dood oor Christus sou kom nie, maar dat dit 'n samevatting, 'n verklaring is van dit waarop sy hele lewe, en veral aan die kruis, neerkom. Dit is wat sy dood ten diepste beteken.

As dit nie vir Christus was nie, sou ook die gelowiges ná hulle dood hel toe moes gaan. Die hel wag egter nie vir Hom om dood te gaan voor dit op Hom toeslaan nie; die hel kom reeds in sy lewe na Hom toe. Kort-kort is daar duiwels by Hom. Hy word direk na sy bevestiging as Messias deur Satan versoek.

Al sy swaarkry – soos dit uiteindelik uitloop op die bloedsweet in Getsemane en die kruis op Golgota – is dit nie die hel wat toe al reeds op Hom toeslaan nie?

Dus: gedurende sy hele lewe, in al sy vernedering en lyding, veral met sy dood aan die kruis, ondergaan Hy die helse straf – maar dan ook volledig en volkome, totaal. Daar is niks oor wat nog nie betaal, volkome vereffen, is nie.

En buitendien, watter sin sou dit maak om nog vir die mense in die hel te preek? Na die dood is daar immers geen geleentheid meer vir bekering nie (Heb. 9:27). En as die duiwels al op aarde weet Wie Jesus is (bv. Mark. 3:11-12; 5:6; Jak. 2:19), hoekom sou Hy hulle nog eers persoonlik in die hel van sy oorwinning moet gaan vertel? (Sien ook Lukas 10:18.)

Hoe lank in die graf?

Jesus het gesê dat Hy drie dae in die graf sal wees (Mark. 8:21; 10:34). In werklikheid was dit egter net die helfte van drie dae. Hy is Vrydag kort voor sononder begrawe. Saterdag was die enigste volle dag dat sy liggaam in die graf was. En voordat die eerste mense Sondag net ná sonop by sy graf aangekom het, het Hy al opgestaan.

Jesus het egter nie in die eerste plek met ons gepraat nie, maar met sy tydgenote. En die Jode het, anders as ons, dae inklusief getel, waarby breuke van dae getel is asof hulle volle dae is. Vrydag, Saterdag en Sondag maak dus saam drie dae – nes ons oumense vir "oor 'n week" "oor agt dae" gesê het: hulle het die eerste en laaste dag as afsonderlike dae getel.

Die mense se reaksie

Jesus se liggaam lê in die graf, maar vir sy vyande is daar geen rus nie. Ook ná sy dood bly hulle met Hom besig.

Vroeg die Saterdag is die priesterhoofde en die Fariseërs weer Pilatus toe – waarskynlik toe hulle gehoor het dat sy liggaam begrawe en nie veras is soos meestal gebeur het nie. Dis Sabbat (en ook deel van die Paasfees), maar dit pla hulle nie – anders as die vorige dag toe hulle skynheilig buite Pilatus se ampswoning bly staan het (Joh. 18:28). Selfs in sy dood laat die Man van Nasaret hulle nie met rus nie.

Was hulle versoek (verseël die graf en laat soldate dit bewaak) onredelik? In die algemeen: Sekerlik nie. Destyds was grafroof nie 'n ongewone verskynsel nie, al is dit dan met ander motiewe as waarvan die geestelike leiers die dissipels by voorbaat verdag maak.

En buitendien, die vorige dag moes Pilatus onder politieke druk swig, in teenwoordigheid van 'n massa mense. Waarom sou hy dan nou hulle redelike versoek teenstaan? Teen hierdie tyd het hy meer as genoeg gehad van die lastige Jode se geneul oor die Man van Nasaret, en wil hy so gou moontlik van hulle ontslae raak. Gee hulle hul sin, en laat die hele lastigheid tog net 'n end kry!

Maar die godsdienstige leiers … was hulle self regtig bekommerd? Nie as mens die situasie kilklinies, objektief-rasioneel, sou bekyk nie. Wie sou Jesus se lyk wou besteel as almal weet Hy het geen geld by Hom nie?

En hoekom sou sy dissipels nou ewe skielik so 'n risiko-faktor wees? In Getsemane kon hulle nie gou genoeg wegkom nie. As hulle dit weer waag om bymekaar te kom, is dit vreesbevange, agter geslote deure (Joh. 20:19; en weer 'n week later, 20:26).

Waar sou hulle ewe skielik die moed vandaan kon skraap om die lyk van hulle Meester te steel, al weet hulle self maar al te goed dat sy profesie oor sy opstanding nie bewaarheid is nie?

En tog … Sê nou maar net? Hy het soveel wonders gedoen, ook gesê dat Hy nie in die dood sal bly nie. Sê nou net die graf kan Hom nie vashou nie? Daarom liewers, al lyk dit ook hoe onnodig, 'n onpartydige seël (selfs van die gehate Romeinse onderdrukkers) op die graf, en voor die graf, ewe gehaat maar ook onpartydig: 'n Romeinse wag.

En so word juis Jesus se aartsvyande teen wil en dank getuies van die waaragtigheid van sy opstanding.

Natuurlik sou hulle dubbel seker gemaak het dat Hy eens en vir altyd dood was, en nie al die tyd maar net in 'n skyndood nie, voor hulle die graf verseël het en die wag hulle plek laat inneem het. So word hulle egter ook, sonder dat hulle dit voorsien het, onbevooroordeelde getuies dat Jesus nie in die graf gebly het nie, en dat Hy werklik uit die dood opgestaan het. Die breë publiek sou sekerlik later nog heelwat oor Hom gepraat het (Luk. 24:18). Dit het so gelyk of Hy die Messias was (Luk. 24:21). Wanneer kom die regte Messias dan tog uiteindelik?

Vir sy volgelinge was dit asof alles verlore was. Op 'n stadium het sake so belowend gelyk. Maar al wat hulle uiteindelik oorgehou het, was kosbare herinneringe en ontnugterde drome.

En by die graf? 'n Romeinse wag, 'n Joodse seël – en die liggaam van die Seun van God … asof mensehande Hom in die dood sou kon vasdruk. DK

Prof. HF van Rooy (Herrie) (emeritus) (In: *Die Kerkblad* Junie 2003)

Ons en ons kinders in tye van konflik

Deur die eeue heen was dit nog altyd die taak van gelowige ouers om hulle kinders as kinders van die Here op te voed. Dit is sekerlik ook so dat ouers telkens met nuwe situasies te doen gekry het wat hulle kon laat dink dat hulle taak in hulle tyd besonder moeilik is. 'n Mens beleef mos jou eie omstandighede op 'n baie persoonlike manier en dink maklik dat ander mense – in ander tye in die besonder – dit nie so swaar gehad het of met soveel probleme te kampe gekry het as jy nie.

Daarom is dit goed om 'n oomblik na te dink oor ons taak as verbondsouers in 'n tyd waar baie dinge – ook bekende dinge – bevraagteken word. Ons beleef baie konflik in ons gemoed, konflik opgeroep deur dinge daarbuite wat vir ons vreemd is. Soms is daar ook konflik tussen ouers en kinders, maar dis 'n verhaal op sy eie.

Ongelukkig beleef ons ook vandag dikwels konflik binne die kerk, waar standpunte oor kerklike sake soms heftig kan verskil, en mense binne die kerk mekaar bevraagteken, om dit maar sag te stel.

Hoe tree 'n mens in sulke omstandighede teenoor jou kinders op? Hoe leer jy hulle om oor hierdie dinge na te dink en die konflikte te hanteer? Ons het mos met die doop van ons kinders die belofte afgelê dat ons hulle op die regte manier sal opvoed. Ons wil graag sien dat ons kinders goeie mense word wat op 'n verantwoordelike manier leef, en so hulle bydrae lewer in die kerk en daarbuite. Ouers het ook die taak om hulle kinders so toe te rus dat hulle die eise en probleme van hulle tyd kan hanteer, ook die konflik binne en buite die kerk. Daar is egter baie dinge wat hierdie taak van ouers bemoeilik. Dit raak ons skole in die besonder, veral met die moontlikheid dat ons kinders in staatskole gekonfronteer kan word met sake en waardes wat soveel anders is as waaraan hulle in hulle huise gewoond is.

Dit is natuurlik nog nooit so dat die skool maar bloot 'n natuurlike verlengstuk van die ouerhuis was nie. Gelowige kinders het nog altyd op skool met vreemde mense en vreemde dinge te doen gekry – en soms ook op 'n vreemde pad gegaan. Natuurlik gaan dit ook nie in alle huise van gelowiges ewe goed met die dinge wat met ons waardes verband hou nie, want gelowige ouers bly steeds gebroke mense wat dikwels nie leef soos wat God dit van hulle verwag nie.

Dieselfde gebrokenheid kom ook in die kerk na vore, veral wanneer mense op 'n baie skerp wyse van mekaar verskil – en dikwels skerp verskil oor dinge wat nie met die kern van die evangelie te doen het nie.

Kinders kan konflik in hulle gemoed beleef wanneer hulle gekonfronteer word met dinge wat anders is as wat ons dit graag sou wou hê. Natuurlik moet kinders ook geleer word om hulle op die regte manier te kan handhaaf teen dinge wat vir hulle vreemd is. Ons leef immers in 'n wêreld waar God se kinders eintlik altyd in 'n sekere sin vreemd moet voel. Kinders wat heeltemal wêreldvreemd opgroei en nooit met die swaar en vreemde kant van die lewe te doen kry nie, gaan in elk geval as volwassenes nie die wêreld kan

hanteer nie. Ons moet ons kinders egter ook toerus om konflik binne die kerk te kan hanteer.

'n Gedeelte in die Ou Testament wat mooi lig werp op die taak van ouers, is in die boek Deuteronomium. In dié boek is Moses aan die woord en spreek hy die volk toe voordat hulle die beloofde land ingaan. In die beloofde land gaan hulle met baie probleme te doen kry, in die besonder met die verleiding van die Kanaänitiese afgodsdiens. In Deuteronomium 6 word dan die belangrike beginsel gestel dat die Here die enigste God is wat bestaan. Vers 4 stel dit soos volg: "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here." Hierdie woorde was die basiese geloofsbelydenis van die gelowige Israeliet, 'n belydenis wat hulle voortdurend moes waarsku om aan God getrou te bly, om binne die grense van die verbond te leef. Die merkwaardige is nou dat op hierdie belydenis spoedig 'n gedeelte volg, van vers 6 af, waar die ouers opgeroep word om hierdie belydenis en die wet van God aan hulle kinders te leer. Hulle moet nie net hulle kinders dié dinge leer nie, hulle moet met hulle kinders daaroor praat, sodat die kinders nie net van die Here en sy Woord wéét nie. Nee, hulle moet die Here self leer ken as hulle God. Hulle moet sy Woord deel van hulle lewe maak, sodat hulle uit innerlike oortuiging soos kinders van die Here leer leef.

Hierdie belydenis en die uitwerking daarvan op die opvoeding wat ouers aan hulle kinders gee, is in ons tyd uiters belangrik. Op baie terreine word gelowige kinders gekonfronteer met die gedagte dat die geloof in God deur Jesus Christus nou nie so besonders is nie. Ander gelowe het dan ook iets van die waarheid beet. Wanneer gelowige ouers hulle kinders toerus en opvoed vir hulle lewe in ons tyd, moet die belydenis van die uniekheid van die God van die Bybel die vertrekpunt bly. Verlossing kom alleen deur die versoeningswerk van Jesus Christus, en hierdie boodskap moet onverswak verkondig word, juis in 'n tyd waar dié boodskap nie in alle kringe ewe welkom is nie. Deur hierdie boodskap hulle eie te maak, moet kinders in staat wees om hulleself te handhaaf teen diegene wat die kernboodskap van die evangelie verwerp. As kinders leer om die unieke God van die Bybel te vertrou, sal hulle ook hulle geloof kan uitleef en aanslae van buite weerstaan.

Wat konflik binne die kerk betref, moet dié saak ook aandag kry in die opvoeding van kinders. Aan die een kant moet kinders van vroeg af leer dat daar – selfs oor belangrike sake – opregte meningsverskil kan wees. Hulle moet begelei word in die manier waarop verskille op 'n kerklike wyse hanteer word. Aan die ander kant moet sulke verskille nie só hanteer word dat die ander party (in 'n kerklike verskil) voor die kinders op 'n negatiewe wyse afgekraak word of hulle goeie trou bevraagteken word nie. Wanneer dit gebeur, kan verskille wat dalk later uit die weg geruim word, die kinders só negatief teen medegelowiges maak dat dit die kerk alleen op die langtermyn skade kan aandoen. DK